Now, when you parted with him on 10 August, when you parted with him at Bloemfontein, did you ask him where he was going to? -- Ek het hom nie gevra nie. As ek reg kon onthou was daar 'n strategie tussen ons twee uitgewerk wat ek ook nie graag wil openbaar aan die Kommissie nie, maar in kort kom dit daarop neer dat hy vir Chris Hani in die oë sal gaan kyk en 'n verduideliking vir hom gee.

Yes, but weren't you interested in knowing where he was going to? Whether he was going back to Lesotho or not? -- Terug na  
(20)  
Lesotho. Dit is die laaste wat ek met hom nog - dit is wat ons bespreek het. Daar was 'n alternatief ook bespreek, maar ek het voorgestel dat hy vir Chris Hani in die oë gaan kyk.

And by some dint of mishap he disappears from that time onwards from the earth. No one knows about him. -- Ja wel, ek kan nie dit sê nie, maar ek weet nie van hom nie. Ek weet nie van hom nie.

Well, we know that he disappeared, no one has found him. -- Dit is korrek. Ek weet niks van hom verder nie.

THE COMMISSION ADJOURNS FOR TEA. THE COMMISSION RESUMES.

(30)

HERMANUS BAREND DU PLESSIS nog onder eed:

FURTHER CROSS-EXAMINATION BY MR SKWEYIYA: Mr Du Plessis, why was

Kondile transferred from Humansdorp police cells to

Jeffreys Bay/..

K98.49

- 2789 -

DU PLESSIS

Jeffreys Bay? -- Ek kan nie op hierdie stadium aan 'n verduideliking dink hoekom dit gebeur het nie. Ek sien in die teleksê ek, waar ek gevra het om taktiese redes, ek kan nie dink aan spesifiek hoekom taktiese redes op hierdie stadium nie.

Were you the person directly responsible for Kondile in PE, in the Eastern Cape? You were the man in charge of interrogation and so on. -- Dit is korrek. (10)

Now have a look at annexure DP1 at page 2 and paragraph 7 of this telex. -- Dit is korrek.

The DK which appears there would be Dumile Kondile who is the father of Kondile, am I correct? DK. -- Dit is korrek.

And what does that last sentence mean to you? -- Nee, nee, jammer, ek is nou verkeerd. Nee, DK beteken distrik-kommandant.

Oh, I see. I am sorry, then I withdraw my point. I thought it was the father. Then have a look also at annexure DP3. -- Dit is korrek. (20)

Is the original of this page available for the inspection by the commissioner, indeed the whole book for inspection by the commissioner if needs be? -- Ons kan hom kry van Port Elizabeth af, ja.

And whose handwriting appears here? -- Ek weet nie. As ek kyk na die handtekening of die handskrif dan lyk dit vir my of dit kaptein Van Greunen se handskrif was wat daardie tyd met die staande voorskot gewerk het. Ek kan dit egter nie honderd persent sê nie. Dit is wel my handtekening wat hier verskyn.

What facilities were there at Jeffreys Bay police station for looking after a detainee? -- Daar was polisiemanne wat (30)

hulle/..

hulle opgepas het.

Were there facilities for cooking for instance? -- Dit is korrek.

And facilities for interrogation? -- Dit is korrek.

Where? Where precisely there? -- In die polisiestasie self.

In one of the offices there? -- Dit is korrek.

Are there any police quarters at Jeffreys Bay? -- Daar is.

Near the police station? -- Op die verste punt, as jy van (10)  
die aanklagkantoor af of kom ek sê nou as jy van voor af in die  
aanklagkantoor inkom en jy draai in die gang regs, is dit die laaste  
twee kamers as ek korrek is, aan die regterkant.

So, they are in close proximity to the police station itself then? -- Dit is deel van die polisiestasie, van die gebou.

And at the single quarters? -- Nee, ek praat van hulle.

VOORSITTER: Dit is maar net twee kamers? -- Dit is maar net twee kamers.

MR SKWEYIYA: Well, unless I am wrong, Mr Chairman, the evidence which - unless I am wrong, you will correct me if I am wrong, the (20)  
evidence which we have here concerning informers I thought was  
that when an informer is paid his particulars would be reflected  
and he would sign for the money as I understood it. What do  
you say to that? -- Nee, maar hy is nie hier betaal nie. Hy is  
hier net 'n voorskot gegee vir sy reis en verblyf. Altans vir  
sy vervoerkoste.

And we also have the evidence here that his particulars or the particulars of the particular person would be registered at head office? -- Ja, dit is nadat hy geregistreer

is as 'n/.. (30)

is as 'n beriggewer. Dit is so. Hierdie persoon was nog nie geregistreer nie. Ek en hy het 'n keerdatum gehad en 'n tydperk gehad wat hy my moes kontak wat hy nie gedoen het nie, so ek kan hom nie registreer as 'n beriggewer nie.

Lieutenant-Colonel, I must put it to you that you know what happened to Kondile and you know that he died in your hands, what do you say to that? As Coetzee says. -- Dit is onsin.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. KUNY: Kolonel, ek weet dat u verklaring handel oor Kondile, maar ek wil u sekere vrae vra in verband met die aangehoudene Siphiwa Mtimkulu. Kan u daardie naam onthou? (10)  
-- Ek kan.

Was u ook betrokke met sy arrestasie, sy aanhouding en sy ondervraging? -- Dit is korrek.

Was u in bevel van sy aanhouding en ondervraging? -- 'n Mens kon sê ja.

Die hele tydperk of net op die begin? -- Ja, ek kan nou nie presies onthou nie, maar ek glo gedurende sy hele - kom ek stel dit so, ek het gekoördineer die ondersoek. Ek het self ondervraging ook gedoen en ek het die heel tyd geweet van sy aanhouding en wat aangaan rondom sy aanhouding. (20)

U sien, ons het 'n verklaring van brigadier Van Rensburg gekry en daar is aangeheg sekere dokumente in verband met Mtimkulu en een van daardie dokumente is 'n memorandum wat deur luitenant-kolonel Erasmus opgestel is. -- Dit is korrek.

Dra u kennis van daardie memorandum? -- Ek dra kennis van hom.

Daarin word verwys in paragraaf 9 na kaptein Du Plessis, is dit u? -- Dit is myself.

Wat, soos ek dit verstaan, Mtimkulu ondervra het op

16 Junie 1981/.. (30)

16 Junie 1981. -- As dit so staan dan is dit so.

Het u hom op enige ander geleentehede daarna ondervra? -- Ek glo so, ek is nie seker nie. Ek het geen rekord nou voor my om dit te bevestig nie.

Soos ek kan vind was dit die enigste plek waar u naam, waar na u verwys is. -- Dan sal dit die enigste keer wees.

En daarna is hy weer ondervra op verskeie geleentehede deur ander lede van die mag. -- Dit is moontlik.

Was dit onder u beheer gewees? -- Dit is korrek.

En het u kennis dan gedra van wat met hom gebeur het van die begin van sy aanhouding tot hy vrygelaat was op 20 Oktober? -- Dit is korrek. (10)

Wie was luitenant-kolonel Erasmus? -- Hy was op daardie stadium die afdelingsbevelvoerder van die veiligheidstak van Port Elizabeth en hy is tans generaal-majoor in Witwatersrand.

Dra u kennis van hoekom hy hierdie memorandum opgestel het? As u in bevel was van Mtimkulu hoekom het hy die memorandum opgestel? -- Nee, ek weet nie. Dit kan wees dat ek miskien nie daar was nie.

Ek sien, dit was nou in Februarie maand 1982? -- Nee, ek weet nie hoekom hy hom - ek kan nie kommentaar lewer daarop nie. (20)

Nou, hierdie memorandum waarna deur mnr. Skweyiya ook verwys is, dra besonderhede van wat met Mtimkulu gebeur het vanaf sy arrestasie tot sy vrylating en ook daarna. U dra kennis daarvan? -- Ja, ek kan nie nou meer al die feite ont-hou in die memorandum nie.

Wel, miskien kan u 'n afskrif kry. U sal sien dit is 'n memorandum van elf bladsye. -- Dit lyk vir my dit is die geval.

En dit verwys/..

die besonderhede wat in die lêer van Mtimkulu gestaan het. -- Ja, ek glo dit is uit die voorvalleboek, is dit geneem.

So, daar was inskrywings in verband met elke besoek wat hy gekry het van die distriksgeneesheer, van die landdros, van die inspekteur van aangehoudenes, nie waar nie? -- Dit is korrek.

En ook besonderhede van wanneer hy ondervra was en ook vir hoe lank hy ondervra was. -- Dit is korrek.

En dit sal alles in die boek gestaan het? -- Dit sou in die boek staan of soos ek gesê het ek kan nie meer die opdragte onthou daardie tyd nie, of in 'n lêer wat by die polisiestrasie aangehou is. (10)

Maar daardie besonderhede was gehou? -- Dit is korrek.

En alhoewel dit lyk asof luitenant-kolonel Erasmus nie persoonlik betrokke was met al daardie - die ondervragings en die besoeke, moes hy die besonderhede vanaf sekere dokumente en ander bronne gekry het. -- Dit kan so wees.

As u na hierdie memorandum kyk blyk dit dat mnr. Mtimkulu gearresteer was op 31 Mei 1981 nadat hy agtervolg was en hy was gedurende die arrestasie geskiet en gewond. -- Dit is korrek.

In die arm. -- Dit is korrek.

En hy was in die hospitaal geplaas waar hy behandeling gekry het. -- Hy het behandeling gekry. (20)

En dit was tot 16 Junie waarna hy na die Jeffreysbaai-polisiestrasie toe geneem is. -- Dit is korrek.

En dan staan daar "gesond en geen klagtes" in paragraaf 8 van daardie memorandum. -- Daar staan?

"Gesond en geen klagtes". -- Dit is korrek.

U kan nie/..

U kan nie sê aan wie hy so sou gesê het of wie se opmerking dit is nie? -- Ek kan nie.

Op dieselfde dat in Jeffreysbaai het die ondervraging van mnr. Mtinkulu begin dit blyk van paragraaf 9. -- Dit is korrek.

Hoekom was hy aangehou? -- Nee, ek weet nie hoekom hy nou aangehou - ek kan nie die rede onthou hoekom hy aangehou is nie, maar as ek reg kan onthou was dit vir die een of ander daad van subversie wat hy .. (tussenbei)

Van ANC-bedrywighede? -- Dit is korrek. Wel, ek wou nie sê direkte ANC-bedrywighede nie, maar bedrywighede in die swart gebied rakende organisasies wat verwant is tot die ANC.

Ek neem aan dat die rede vir sy aanhouding was omdat julle gedink het dat miskien het hy sekere misdrywe gepleeg. (10)

-- Of inligting oor daardie misdrywe beskik.

En hy was herhaaldelik ondervra in verband met sy aktiwiteite of inligting wat hy gedra het. -- Ja, ek moet nou maar gaan wat hier staan. Ek aanvaar so.

En na min of meer amper vyf maande van aanhouding was hy op 20 Oktober vrygelaat sonder enige klagtes teen hom. -- Dit is korrek, as ek reg kan onthou hy en drie ander is vrygelaat.

Hy was nooit aangekla nie? -- Nie vir hierdie aanhouding was hy nie aangekla nie. (20)

Ja, ek dink hy het 'n vorige klag gehad. -- Dit is korrek, maar hy was - ons praat nou van hierdie insident, was hy nie aangekla nie.

Alhoewel u hom vir amper vyf maande aangehou het. -- Dit is korrek.

En het hy 'n verklaring gemaak gedurende hierdie aanhouding? -- Ek weet nie.

Wel, kyk/..

Wel, kyk na paragraaf 40 waar verwys is wat landdros Knoetze gesê het. Hy sê "Op die laaste twee geleenthede, 1981-08-07 en



1981-0817, het die aangehoudene besonder vrolik en opgeruimd voorgekom. Op een geleentheid was hy besig om 'n verklaring uit te skryf en het gesê 'Sir, I feel free, I feel by telling everyone what has happened, that I am now becoming free'. Hy het ook om verskoning gevra dat hy my by vorige geleentheid nors behandel het. Hy het op geen stadium laat blyk dat hy enigsins onregverdig of gewelddadig deur enige persoon behandel was nie." U sien dit? -- Ek sien dit.

Het u kennis gedra van daardie rapport van landdros Knoetze? -- Ek glo ek het kennis gedra, maar dit is hoekom ek sê ek kan nie onthou dat hy die verklaring gemaak het nie. Hierdie is 'n nota miskien wat hy geskryf het wat die landdros sien as sy verklaring. (10)

Ja, maar u was in beheer van die ondersoek in verband met Mtimkulu. U sou geweet het of hy 'n verklaring gemaak het? -- Daardie tyd wel sou ek geweet het, maar dit is 'n bietjie lank terug. Daar is baie wat verklarings daarna gemaak het.

Ja, maar het u nie geweet dat u voor hierdie kommissie miskien sal uitgevra word oor mnr. Mtimkulu en na sy lêer gekyk nie? -- Ek het nie spesifiek - ek het wel na sy lêer gekyk, maar ek het nou nie elke ding in detail deurgelees nie en ek kan nie onthou in sy lêer of ek 'n verklaring van hom daarin gesien het nie. (20)

Wel, laat ons voortgaan, op die 16de is hy uit die hospitaal uit en julle het hom begin ondervra en op die 17de het hy aan landdros Knoetze gesê hy het geen klagtes en is tevrede met behandeling wat hy tot dusver ontvang het. Waar is landdros Knoetze? -- Ek kan hom nie meer plaas nie. Ek weet glad nie/..

Ja. -- Want ek sien hierso hy was op Jeffreysbaai, so dit sou 'n Humansdorp-landdros gewees het wat hom moes besoek het.

Nou, ek kan nie landdros Knoetze meer plaas nie. Ek kan hom nie onthou nie.

Wel, op 20 Junie is hy deur 'n distriksgeneesheer, dr. Opperman, gesien nadat hy gekla het dat hy bloed by ontlasting opmerk. U sien dit? -- Ek sien dit.

Kan u daarvan onthou? -- Ek kan dit nie pertinent plaas nie.

Wie was dr. Opperman en waar is hy op hierdie stadium? -- Ek ken hom nie persoonlik nie. Ek aanvaar dat hy op Humansdorp  
(10)  
gepraktiseer het of nog praktiseer.

Want dit blyk dat op 22 Junie dr. Opperman op hom opereer het vir anale rekking onder algemene narkose in die - dit moes in die hospitaal gewees het. Sien u dit? -- Ek sien dit.

Kan u dit onthou? -- Ek kan nie.

En daarna, daar was geen melding hiervan, hoe lank hy in die hospitaal gebly het of wanneer hy terug - dit blyk asof miskien dieselfde dag sou hy terug na die polisieselle geneem word. -- Dit is korrek, want ek sien die landdros het hom of die inspekteur het hom .. (tussenbei)

(20)

Dieselfde dag. -- Dieselfde dag besoek.

En dit was 22 Junie en dit blyk van hierdie notas dat hy nie weer deur 'n dokter gesien was voor 27 Julie deur dr. Opperman. -- Dit is korrek.

'n Maand daarna. -- Dit is korrek.

Wanneer hy nog 'n skeurtjie gevind het asook lae graadse infeksie. Kan u verduidelik hoekom hy vir 'n maand nie deur  
'n dokter/..

'n dokter of distriksgeneesheer gesien was nie? -- Ek kan dit nie verduidelik nie. Dit kan ook wees dat die dokter wat hom miskien

gesien het, ek noem dit maar net met respek 'n lêer, dit kan ook wees dat die dokter wat hom gesien het nie 'n inskrywing gemaak het nie.

Wel, dit is snaaks as dit so is. Dit was na 'n operasie.  
-- Ek stem met u saam. Dit is hoekom ek glo - ek glo hy het hom gesien.

Daar kon geen nota daarvan in die lêer of in die dagboek gewees het nie andersins sou kolonel Erasmus seker daarna verwys het.  
-- Dit is korrek.

Daarna is hy nie weer deur 'n dokter gesien tot 14 Augustus, (10)  
min of meer drie weke daarna. -- Ja, dit is korrek.

Deur dr. Delport wat opgemerk het "Aangehoudene onder-soek. Klein skeurtjie in sy anus. Reeds deur dr. Opperman be- handel. Skryf anale .." ek weet nie wat daardie woord is "skryf die salf voor" Dit is die medisyne. -- Dit is korrek.

En daarna, vanaf 14 Augustus, blyk dit dat hy nie weer deur 'n distriksgeneesheer of 'n dokter gesien is nie tot sy vrylating op 20 Oktober. In elk geval daar is geen notas daarvan in hierdie memorandum. -- Dit is korrek.

Is dit nie gewone praktyk om 'n aangehoudene voor sy vry- (20)  
lating te laat ondersoek deur die distriksgeneesheer nie? -- Ek wil weer sê met artikel 29 is dit praktyk, maar ek kan nie meer onthou wat in artikel 6 die praktyk was nie.

K99 Wel, ek weet nie wat artikel 6 in daardie verband sê nie, maar sou dit nie praktyk gewees het om 'n distriksgeneesheer die aangehoudene te laat sien voordat u hom vrylaat nie, veral waar hy gedurende sy aanhouding siek was? -- Nee wel, ek kan nie kommentaar daarop lewer nie. Ek kan nie sien hoe dit nodig is nie/..

K99. - 2797 - (30)  
DU PLESSIS  
is nie. As hy nie gekla het nie weet ek nie hoekom sou ons 'n

dokter gekry het vir hom nie.

Wel, u weet dat die dag na sy vrylating hy na 'n dokter toe gegaan het en gekla het dat hy nie gesond was nie en u weet dat ses dae na sy vrylating was hy in die Livingstone Hospitaal. -- Dit is korrek.

Omdat hy baie siek op daardie stadium was. -- Dit is korrek.

En u weet ook van 'n verklaring wat julle geneem het vanaf sy moeder dat hy gekla het op 22 Oktober van pyne in sy bene. Dit is twee dae na sy vrylating. -- Dit is korrek.

En dit blyk ook dat die dag - ek dink dit is van 'n ver- klaring (10) van sy vader, dat die dag na sy vrylating het hy ge- kla van die feit dat hy pyne in sy bene gehad het. -- Kan u my net wys waar dit is. Ek dra nie kennis daarvan nie.

Ek sal dit nou nou vind. In elk geval u dra ook kennis van die feit dat hy, toe hy in die hospitaal Groote Schuur was gekla het dat hy vreeslik aangerand was gedurende sy aanhou- ding. -- Dit is korrek.

En die besonderhede daarvan blyk uit 'n verklaring van dr. Kisch wat aangeheg is by brigadier Van Rensburg se ver- klaring. U sal dit .. (tussenbei) -- F.

F, ja. Dit is nie nodig om al die besonderhede te lees nie, (20) maar hy rapporteer oor wat mnr. Mtimkulu aan hom beweer het en dit is nie die eerste stadium wat hy daarvan gerap- porteer het nie. Hy het ook aan ander dokters so gerappor- teer. Kyk na die rapport van die Groote Schuur-hospitaal gedateer 5 Januarie, die rapport van dr. Francois Llewellyn Majoos, dit is aanhangsel B, die tweede paragraaf. U sien daardie bewerings? -- Dit is korrek.

En ook/..

K99.3

- 2798 -

DU PLESSIS

(30)

En ook die rapport van dr. Francis Aims van 30 Desember 1989, aanhangsel D, paragraaf 2. -- Dit is korrek.

En u dra kennis ook van die brief wat deur die lid van parlement vir Walmer, mnr. Andrew Savage, aan die kommissaris van die polisie geskryf was op 29 Junie 1982 in verband met Mtimkulu? -- Dit is korrek.

Was u in bevel van die ondersoek op daardie stadium in verband met wat met Mtimkulu gebeur het? -- Gedurende sy aanhouding, ja.

Nee, maar gedurende die tyd dat mnr. Savage hierdie brief geskryf het en daar ondersoek ingestel was. -- Ek kry nou net nie mnr. Savage se brief hier nie.

(10)

Dit is aanhangsel L. Dit is nie heeltemal duidelik nie.

VOORSITTER: Wat is die datum?

MNR. KUNY: Die datum is 29 Junie 1982.

VOORSITTER: Is dit nou na sy verdwyning? Was u betrokke by die ondersoek? -- Ek was nie by die ondersoek betrokke na sy verdwyning nie.

MNR. KUNY: U was betrokke voor hy op 14 April verdwyn het? -- Tot en met hy vrygelaat het was ek in beheer van die ondersoek.

Nie daarna nie? -- Nee, daar is wel van my personeel wat daarna, nadat daar bewerings gekom het dat hy verdwyn het en as ek reg kan onthou, ek spekuleer nou, ek het niks voor my om dit -- maar ek spekuleer nou nadat sy of nadat die voertuig van Topsisie Mdaka gevind is, is daar 'n vlugtelingslêer op hom geopen en dit sal een van my personeellede .. (tussenbei)

(20)

VOORSITTER: Nee, ek dink nie die advokaat stel belang daarin nie. Ek dink daar was 'n ondersoek na die bewerings van aanranding en vergiftiging voor hy verdwyn het.

KUNY/..

K99.4

- 2799 -

DU PLESSIS

(30)

MNR. KUNY: Ja. -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Nou was u enigsins betrokke by daardie ondersoek?

-- Nee, ek dink die speurders het .. (tussenbei)

Is dit die speurtak? -- Die speurtak het dit ondersoek.

MNR. KUNY: Kan u onthou wie sou daarmee betrokke gewees het?

-- Ek weet glad nie.

Want u sien hy was - kan ons dit net so stel, hy was op 20 Oktober vrygelaat. Op 21 Oktober is hy na 'n dokter en die dokter het hom 'n inspuiting gegee. Ek dink daardie dokter het nie geweet wat hom makeer nie. Op die 22ste het hy by sy moeder gekla dat daar iets met sy bene verkeerd was. Op 26 Oktober is hy in die Livingstone Hospitaal en hulle was heel- temal verbaas, hulle kon (10) nie vasstel wat hom makeer nie. -- Dit is korrek.

En hy was baie siek op daardie stadium, so siek dat hulle besluit het dat hy na die Groote Schuur Hospitaal gestuur moet word vir ondersoek. -- Dit is korrek.

En in die Groote Schuur Hospitaal was hy ondersoek en sekere toetse was gedoen en hulle het gevind dat hy thalium- gif - dat hy van thaliumgif gely het of die effekte daarvan. -- Dit is korrek.

En dit was die oorsaak van sy toestand. -- Dit is korrek.

En daar is sekere rapporte van die dokters te Groote Schuur wat aangeheg is by brigadier Van Rensburg se verklaring. (20) -- Dit is korrek.

Daarna was hy terug huis toe gestuur in Port Elizabeth of waar hy gewoon het, nie waar nie? -- Ek aanvaar so.

Nou, op daardie stadium na sy vrylating en voor 14 April het u enigiets met hom te doen gehad? -- Niks sover ek kan onthou nie.

Wanneer/..

K99.7

- 2800 -

DU PLESSIS

Wanneer was die laaste keer dat u hom gesien het? -- Ek kan dit ook nie onthou nie. Ek wil dit aanvaar dat met sy vrylating (30) hulle hom na my kantoor toe sou gebring het en hy daarvandaan vrygelaat sou geword het. Ek kan nie aan 'n dag dink daarna dat

ek hom - ek het hom wel weer gesien daarna.

Wel, dit is wat ek wil weet. Wanneer en in watter omstandighede? -- Wel, ek kan onthou toe hy op die lughaw aan- gekom het van Groote Schuur af, het ek hom gesien.

Hoekom so? -- Ek was per toeval daar.

So, u was nie daar om hom te ontmoet nie of met hom te praat nie? -- Nee.

So, dit was net toevallig? -- Toevallig.

Het u met hom daardie dag gepraat? -- Ek het nie.

En op enige ander geleentheid? -- Nie wat ek nou kan onthou  
(10)  
nie.

So, u was nie meer met hom betrokke gewees nie? -- Dit is korrek.

Het u kennis gedra van die feit dat hy na 'n prokureur toe gegaan het en dat daar 'n dagvaarding uitgereik was vir vergoeding van, ek dink, dit was R150 000? -- Ek het wel kennis gedra.

Hoe sou u daarvan kennis gedra het? -- As ek reg kan onthou het ek 'n verklaring in daardie siviele eis gemaak by die staatsprokureur oor sy aanhouding.

En dit was voordat hy verdwyn het dat hierdie dagvaarding uitgereik was. -- Ek aanvaar so. (20)

Deur die prokureur Herbert Fischat. -- Ek kan glad nie onthou nie.

En u verklaring, sou dit nog in die lêer wees? -- Dit behoort nog by die staatsprokureur te wees.

En dan op/..

K99.8

- 2801 -

DU PLESSIS

En dan op die 14de was hy op pad saam met 'n bestuurder na die Livingstone Hospitaal vir ondersoek van sy toestand. Die man  
(30)  
wat bestuur het was Topsisie Mdaka. Kan u dit onthou? Wat hom na

die hospitaal toe gestuur het. -- Nee, ek kan dit nie onthou nie, maar u sê dit staan hier.

Wel, ja, dit staan hier na - ek dink dit sal - wel, ek weet nie, dit is 'n dokument waarop staan "The answers to the questions posed by Mr Andrew Savage MP are as follows .." en in paragraaf 4 "It has been established that this vehicle was indeed that which was used by Topsisie Mdaka in Port Elizabeth" en ook van die moeder se beëdigde verklaring blyk dit dat die persoon was Topsisie Mdaka.

In elk geval, die punt is dat op daardie datum het altwee van hulle heeltemal verdwyn.

(10)

VOORSITTER: Dit is 26 April?

MNR. KUNY: 14 April, terwyl hulle op pad na die hospitaal was.

-- Dit is die bewering.

Het u kennis daarvan? -- Ek het nie kennis daarvan nie.

Wel, het u daarvan gehoor? -- Ek glo ek moes daarvan gehoor het, ja.

Het julle ondersoek ingestel om vas te stel wat met hulle kon gebeur het? -- Die speurders het daardie aangeleentheid ondersoek.

U het dit nie self ondersoek nie? -- Nie self nie.

(20)

Het u rapporte gekry in daardie verband of was u nou nie meer betrokke met hulle nie of met Mtimkulu nie? -- Ek kan nie onthou van - dit is moontlik, maar ek kan nie onthou van enige rapporte nie.

Want u sien, snaaks net soos met Kondile, het Mtimkulu heeltemal weggeraak en niemand behalwe daardie een rapport wat nie - ek dink 'n valse rapport kon gewees het - niemand het van hom/..

K99.9

- 2802 -

DU PLESSIS

(30)

van hom weer gehoor nie tot hierdie dag of van Topsisie Mdaka.

-- Wat wil u nou eintlik sê?



Wel, ek stel dit dat dit snaaks is dat in sy geval ook het hy verdwyn, die kar was naby die grens van die Transkei gevind en hy het heeltemal verdwyn en nog nie verskyn nie tot hierdie dag. -- Volgens my kennis het hy nog nie verskyn nie.

Ja, en dieselfde met Topsisie Mdaka. -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Het u vir Topsisie geken? -- Ek het hom geken.

MNR. KUNY: Wie was hy? -- Hy was 'n swartman wat in Port Elizabeth gebly het en betrokke was by die organisering van, as ek reg kan onthou, Cosas.

Cosas, ja. Ek vind dit ook snaaks dat alhoewel dit blyk dat (10)  
Mtimkulu beweer het dat hy ernstig aangerand was, hy sou op geen stadium aan enige van die landdroste of die distriks- geneesheer, die inspekteur van aangehoudenes 'n rapport gemaak het van die feit dat hy aangerand was nie. Vind u dit nie snaaks nie? -- Ek vind dit snaaks, ja.

VOORSITTER: Het hy gesê wie hom aangerand het?

MNR. KUNY: Die rapporte wat ek het, is in die dokter se verklarings.

VOORSITTER: Ja, maar is daar iewerste 'n bewering wie hom aangerand het? Wie die persone is?

(20)  
MNR. KUNY: Ja, in dr. Kisch se verklaring maak hy melding van sekere persone.

VOORSITTER: Maar sluit dit hierdie getuie in?

MNR. KUNY: Nie op hierdie verklaring nie, maar ons inligting is dat hy 'n sekere verklaring gemaak het na sy vrylating waarin hy ook beweer het dat u betrokke was in aanrandings op hom, ernstige aanrandings. -- Dit is snert.

Wel, as daar sou getuienis in hierdie verband wees - ek  
verstaan/..

(30)

verstaan dit sal so beweer word en ek moet dit aan u stel. In elk geval hy maak melding van 'n sekere ander persoon, in hierdie verklaring van dr. Kisch, maak hy melding van 'n man by die naam van Nieuwoudt, was daar 'n polisieman by die naam van Nieuwoudt wat by die ondervraging betrokke was? -- Dit is korrek.

En wat van kaptein Roelofse en kaptein - ja, kaptein Roelofse? -- Hy is nou kolonel Roelofse. Hy is nog in Port Elizabeth.

En in Kisch se verklaring sê hy dat vir die laaste maand van sy aanhouding het hy drie tipe tablette gekry en hulle is deur u en kaptein Roelofse aan hom gegee. -- Ek ontken dit.

(10)

Ek moet dit aan u lees dan kan u weet presies wat die bewering is.

"Regarding the possible source of thalium, the patient informed me that he received three types of tablets during the last month of his detention. He stated that he was told that the tablets were given to treat pain he experienced in his feet."

Nou, kan u onthou dat hy gekla het dat hy pyn in sy voete gehad het? -- Ek kan beslis dit nie onthou nie.

"The tablets were given by Captain Roelofse, Captain Du Plessis while he was in the Sanlam building in Port Elizabeth. He added that he received good food, better than usual prison food and he described his diet as hotel food."

(20)

Enige kommentaar daarop? -- Op die kos of wat?

Op die kos en die behandeling. -- Hulle het baie goeie kos gekry en ons het hulle goeie behandeling gegee.

Dit is in Sanlamgebou. -- Dit is korrek.

Hoekom/..

hierdie stadium dat hy daar ondervra was.

Was daar selle daar gewees? -- Daar was nie. Daar was wel slaapgeriewe in Sanlamgebou.

Maar geen selle nie? -- Nee, dit is 'n kantoor .. (tusenbei)

En soos ek dit kan onthou was die kantore van die veiligheidspolisie in Sanlamgebou op die 6de vloer. -- Op verskillende vloere, maar my kantoor was wel op die 6de vloer.

En waar sou hy aangehou geword het? -- Dit sal op die 6de vloer wees.

Net in 'n kamer wat toegesluit is? -- Ja wel, ek weet nou (10)  
nie of hy daar aangehou was nie. U stel dit nou.

Wel, dit blyk asof vir 'n periode van, ek dink dit is nege of elf dae, hy daar aangehou was. As u na paragraaf 29 van die memorandum kyk blyk dit dat van 2 tot 11 September 1989 hy daar aangehou was vir ondervraging. -- Dit is korrek.

En 'n sekere rede is daar gegee waarom hy daar aangehou was. Ek weet nie of dit nodig is om daardie rede aan u te stel nie. U sien dit? -- Dit is korrek, ja.

Maar dit is snaaks dat op geen geleentheid het hy enige klagtes gehad nie en op elke geleentheid het hy gesê hy is in goeie (20)  
gesondheid en dit is nie nodig dat hy 'n dokter sien nie en die feit is dat hy sê dat vir die laaste maand hy pille gekry het en onmiddellik na sy vrylating is hy na 'n dokter toe en 'n paar dae daarna is hy in die hospitaal. -- Ja wel, aan die een kant is dit nie snaaks nie omdat as hy nie aange- rand was nie dan kan hy nie kla nie of sal hy nie kla nie en in die tweede instansie as hy - soos ek dit in die memorandum sien het hy gewone mediese probleme gehad en dit is behandel

en daarvoor/..

Het u gehoor van die feit dat sekere aangehoudenes bang is om klagtes aan die inspekteur van aangehoudenes of die landdroste stel want hulle bly nog in die hande van die veiligheidspolisie op daardie stadium en hulle vertrou nie die landdroste of die inspekteur van aangehoudenes nie? Het u daardie bewering gehoor? -- Hierdie stellings was voorheen aan myself in howe gemaak, maar ek kan u belowe dat almal van hulle wat na bewering aangerand is kla by die landdroste en ook by die inspekteur van aangehoudenes en ook by die dokter.

U sê hulle kla wel. -- Ek het ontsettend baie ondervinding en hier sit advokate in hierdie hof wat dit kan bevestig. (10)

En daar is ook geleenthede waar die stelling aan u gemaak was dat hulle nie gekla het nie, want hulle was bang om te kla, nie waar nie? -- Dit is korrek.

As u na die dokument H kyk sal u sien dat dit 'n rapport is deur dr. B.G. Brown van Livingstone Hospitaal wat sê dat sy simptome het begin ure na sy vrylating. U sien dit? -- Ek kry dit nie, maar as u dit daar lees dan aanvaar ek dit so.

Is dit ook nie snaaks nie dat as hy wel gekla het en aan hierdie simptome gely het dat hy nie weer deur 'n dokter gesien was na 14 Augustus? -- Ek verstaan .. (tussenbei) (20)

U kan nie verduidelik .. (tussenbei) - Hoekom hy nie aan 'n dokter gekla het nie.

Of dat hy nie weer deur 'n dokter gesien is nie? -- Nee, al wat ek kan dink is dat hy geen klagtes gehad het nie of nie 'n dokter nodig gehad het nie.

VOORSITTER: Wel, die grootste vraag is in die tweede helfte van 1981 was brigadier Van der Hoven in Port Elizabeth gewees? -- Ek weet nie. Ek het brigadier Van der Hoven vir die eerste keer/..

Wanneer? -- Terwyl hierdie - ek dink hy het met die ad- vokate kom konsulteer.

By die Kommissie? -- By die Kommissie, ja.

U sien, want Dirk Coetzee sê hy het die gif afgeneem. -- Ja wel, hy mag in Port Elizabeth gewees het, maar ek het hom nie daar gesien nie.

Maar u het nie gifpille by hom gekry nie? -- Ek het nooit gifpille by enigiemand gekry nie.

MNR. KUNY: Wel, u ontken dat u enige pille aan Mtimkulu gegee het, maar wat van brigadier Van Rensburg, het hy miskien brigadier Van der Hoven gesien of met hom in aanraking gekom? -- Ek weet nie. (10)

Dit is moontlik. -- O, enige ding is moontlik.

Was hy die bevelvoerende offisier op daardie stadium? -- Nee, nee, hy was derde in bevel in 1981.

Wie was in bevel? -- Daardie tyd kolonel Erasmus, tweede in bevel was kolonel Snyman en derde was brigadier Van Rensburg.

En waar was u in die .. (tussenbei) -- Ek was vierde in bevel as ek reg kan onthou.

Kan u onthou of Van Rensburg enigiets te doen gehad het met Mtimkulu? -- Niks nie. Hy het daardie tyd vakbonde bestuur as ek reg kan onthou en die swart aangeleenthede en alle ondersoeke het onder my bevel geval. (20)

Wel, was Mtimkulu nie met vakbonde betrokke nie? -- Nie sover ek weet nie.

Met Cosas? -- Hy was wel - ek glo hy was met Cosas betrokke.

En ook/..

K99.19

- 2807 -

DU PLESSIS

En ook hierdie ander persoon. -- Topsisie Mdaka.

Ja, met Cosas. -- Dit is korrek.

(30)

Hulle was studentleiers of aktiviste? -- Dit is korrek.

Dit lyk ook snaaks dat op 11 Julie mnr. Mtimkulu aan die landdros gesê het - hy het gevra om aangekla te word, dit is op 7 Julie - op 11 Julie en daarna nie weer nie. -- Ja, ek kan nie kommentaar daaroor lewer nie.

Mnr. die Voorsitter, daar is ek verstaan van mnr. Harris sekere dokumente wat mag op 'n geleentheid beskikbaar kom en wat in hierdie verband belangrik mag wees, maar op hierdie stadium ... (tussenbei).

VOORSITTER: Hulle kan mettertyd ingehandig word. -- Ja, maar op hierdie stadium het ek nie die dokumente of hulle gesien nie en hangende van wat in daardie dokumente verskyn het ek geen verdere (10) vrae op hierdie stadium aan hierdie getuie nie.

MR PRETORIUS: Mr Chairman, we are in the same position. We are waiting for these documents and .. (intervenies)

CHAIRMAN: Yes. The witness is readily available.

MR PRETORIUS: If it is necessary we will .. (drops voice, inaudible).

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. MARITZ: Geen vrae.

MNR. McNALLY: Mnr. die Voorsitter, die voorvalleboek van Humansdorp is nou beskikbaar en miskien kan ek nou die getuie- (20) nis lei uit daardie boek.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Terwyl ons besig was, kolonel Du Plessis, het my medebeampte, kol. Wright, 'n nota gemaak van die bladsye waar hy melding van Kondile gevind het. Miskien kan u dit - dit is hier genotuleer. Miskien kan u aan die hand van daardie notas net vir ons besonderhede gee van wat in daardie voorvalleboek staan. --Dit is op 10 Julie 1981. Die/..

K99.20

- 2808 -

DU PLESSIS

Die voorvalleboeknommer is 785, die tyd 19h05 "admitted to cells (30) Sergeant Raath from Port Elizabeth with prisoner article (there is something here) 22 Goinisizwe Kwezilimso Kondile, 14/91" dit

is die selregister "22/none" dit is sy "property" ..

VOORSITTER: Wat is die datum? -- 10 Julie 1981.

Dit is Humansdorp? -- Dit is korrek, en dan staan hierso iets van "nose is bleeding but has no wounds". Dit is die een.

MNR. McNALLY: Kan u onthou dat sy neus gebloei het op 'n stadion? -- Ek kan dit nie meer onthou nie. Ek dink by hierdie geleentheid is toe hy gekom het van Bloemfontein af, dat hulle hom ingeboek het.

VOORSITTER: Het u hom gaan haal in Bloemfontein? -- Ek het hom nie self gaan haal nie. Ek sien hierso dat 'n sersant Raath het hom ingeboek. So, ek aanvaar hy het hom gaan haal. (10)

MNR. McNALLY: Wat sy besittings aanbetref u sê hy het geen besittings ingehandig nie. -- Volgens hierdie inskrywing het hy nie.

Die volgende inskrywing? Mag kolonel Wright langs die getuie staan sodat hy hom na die passasies kan verwys? -- Ja, ek kan nie hierdie handskrif lees nie, mnr. die Voorsitter.

1148 op 1981-07-15 07h20 "Books in registered check(?) 23 units in cell, no complaints, one out for investigation purposes with .." wel, ek aanvaar dit is "security police", "SC Police" geteken deur die stasiebevelvoerder. (20)

Word Kondile se naam daar genoem? -- Hy word nie genoem nie.

Hoe koppel ons daardie inskrywing met Kondile? -- Wel, ons kan hom nie koppel nie behalwe as ons terugkyk, moontlik is hy op 'n vorige bladsy uitgeboek wat ons nie gekry het nie.

VOORSITTER/..

K99.22

- 2809 -

DU PLEIS

VOORSITTER: Kan ek 'n voorstel maak, mnr. McNally, ek gaan verdaag dan kan die advokate na daardie bladsye kyk en vir my sê wat daarop staan wat relevant is. (30)

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR MIDDAGETE.

(10)

(20)

K100.0041

- 2810 -

DIE KOMMISSIE HERVAT NA MIDDAGETE.

(30)

MR McNALLY: Mr Chairman the position is that during the adjournment we were fortunate to be able to find the occurrence



register of Jeffreys Bay relating to all entries concerning Kondile. We are now in the process of making photo copies of the relevant pages. We have already delivered to my learned friend, Mrs Bojé, photo copies of the relevant pages of the Humansdorp book and the other photo copies will be delivered to him within the next few minutes. He has indicated to me that he would prefer not to ask any further questions at this stage, but the position is that he has been put in possession of the documents that he wanted in that respect and if he requires the witness to answer questions arising therefrom, the witness will be made available (10) at a time convenient to himself.

CHAIRMAN: The documents can be handed in, in due course, in any event, without the witness.

MR McNALLY: Can we then proceed with the next witness?

JACOBUS HENDRIK BÜCHNER, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Dankie dat u op kort kennis-gewing gekom het. Ek verstaan u is besig met 'n kursus hier in Pretoria. Het u 'n beëdigde verklaring vandag afgelê in hierdie verband, in verband met ons werksaamhede? -- Dit is korrek.

(20)  
En is die verklaring nou voor u in die getuiebank? -- Dit is korrek.

U kan dit asseblief voorlees vanaf paragraaf 1.

VOORSITTER: Dit is B153.

MNR. McNALLY: B153, dankie mnr. die Voorsitter. -- Net voordat ek voortgaan mnr. die Voorsitter, ek sien hierso, die ding het baie/...

K100.0121

- 2813 -

BÜCHNER

baie vinnig gegaan vanoggend. Ek het 'n woord hier oor gelees, (30) die laaste sin van paragraaf 1, die laaste reël, die woordjie daarso die "waarheid", dit is eintlik die korrektheid. Ek wil dit graag

verander asseblief?

VOORSITTER: Ja, goed.

MNR. McNALLY: Goed, lees dit dan in sy gewysigde vorm.

VOORSITTER: U kan maar van voor begin, van paragraaf 1 begin.

MNR. McNALLY: Lees hom net hardop? -- Baie dankie, die laaste sin sal ek dan net lees ... (tussenbei)

VOORSITTER: Nee, u moet die hele beëdigde verklaring vir ons voorlees. -- O, goed, baie dankie:

"1. Ek is 'n brigadier in die Suid-Afrikaanse Polisie en dien tans as die Kommissaris van Polisie van die Kwa-Zulu Polisiemag. Gedurende 1981 was ek 'n luitenant-kolonel verbonde aan die veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie, Hoofkantoor, Pretoria, verbonde aan Groep C waar ek die terro-risme navorsingslessenaar hanteer het. Ek is be-hoorlik abevoeg en in staat om hierdie verklaring af te lê en die korrektheid hiervan is waar en korrek. (10)

2. Op of ongeveer 20 April 1981 is 'n teleks wat ontvang is van die Departement Buitelandse Sake, Athene, Griekeland gerig aan Nasionale Veiligheid onder my aandag gebring. 'n Afskrif van hierdie teleks word hierby aangeheg as Aanhangsel 'JB 1'." (20)

Kan ons blaai tot by daardie teleks en die inhoud daarvan uitlees asseblief? -- Goed, ek maak so. Mnr. die Voorsitter ek het die dokument JB1 voor my, hy is 'n fotokopie van 'n teleks wat ontvang is, hy is redelik onduidelik en ek het hom, of hy is oorgetik en as ek mag van die getikte een aflees, dit is/...

K100.0173

- 2814 -

BÜCHNER  
(30)

is makliker om te lees?

Ja goed. -- En vir die doeleindes van die verhoor mag ek net

die boonste gedeelte hier uitlaat. Ek dink dit is sensitief en ek vra dat ek net die inhoud van die teleks lees?

VOORSITTER: Goed. --

"AANSOEK OM REISGERIEWE: PETER H DLAMINI: BEWEERDE ANC LID.

1. Bogenoemde gebore op 13 Julie 1953 reis met 'n reeds verstrykte Tanzaniese reisdokument en bevind hom tans in transito te Athene Lughawe op reis vanaf Sofia (Bulgarye) na Dar-es-Salaam.
2. Aldus onderwerp het hy die Republiek van Suid-Afrika sonder reisdokumente op 2 Februarie 1973 verlaat met behulp van ene Willie Bazibuko van Posbus 50, Vryheid, Natal om in die buiteland te studeer. (10)
3. Na bewering het die ANC onderwerp via Swaziland, Maputo en Dar-es-Salaam na Plovdiv in Bulgarye ge-stuur en nou lna twee jaar het die ANC en Bulgare hom begin verdink dat hy 'n Republiek van Suid-Afrika agent is. Gevolglik is hy teruggestuur na Dar-es-Salaam op 18 April 1981 via Athene "to face charges".
4. Onderwerp het op Athene Lughawe afgeklim, sy deur-reis verpas en toe die Republiek van Suid-Afrika Ambassade gekontak om hulp. (20)
5. 'n Ambassade amptenaar het onderwerp aan Griekse Polisie op lughawe geklaar wat sal toesien dat hy op 21 April 1981 na Bulgarye teruggestuur word.
6. Onderwerp pleit egter dat die Republiek van Suid-Afrika hom van 'n reisdokument en enkel lugkaartjie

na/...

K100.0223

- 2815 -

BÜCHNER

na Jan Smuts voorsien ten einde die aanklagte in Tanzanië vry te spring.

(30)

7. Griekse Polisie gewillig om te wat tot 11h00 (plaaslike tyd)

op 21 April 1981 vir 'n antwoord.

8.U beslissing word dringend ingewag asseblief.

EINDE VAN BERIG."

As ek dan mag voortgaan met paragraaf 3 op bladsy 2 van my verklaring:

"3.Na aanleiding van hierdie teleks is daar besluit om die swartman, Nkosinathi Peter Dlamini na Suid-Afrika te bring. Die nodige stappe is gedoen en op 23 April 1981 het Dlamini vanaf Athene te Jan Smuts Lughawe aangekom. Met Dlamini se aankoms in Suid-Afrika was sy tas nie tussen die ander bagasie wat saam met die vlug gekom het nie en (10) is dit eers op 'n latere datum, naamlik 19 Mei 1981 gevind. Ek heg hierby aan 'n skrywe gedateer 25 Mei 1981 as aanhangsel 'JB.2' waaruit bovermelde feite ook blyk."

Ek dink ons kan voortgaan met die verklaring self. -- Goed, paragraaf 4 dan:

"4.Ek het Dlamini persoonlik op die Jan Smuts Lughawe gaan haal waarna hy na Pretoria gebring is vir on-dervraging. Gedurende die periode wat hy ondervra is, is hy vir (20) enkele dae te Vlakplaas gehuisves.

Dlamini het my meegedeel dat hy Suid-Afrika in on-geveer 1978 verlaat het om in die buiteland te stu-deer. Hy het my meegedeel dat nadat hy die land verlaat het hy in Swaziland deur die African

National Congress gewerf is en vandaar via

Dar-es-Salaam/...

K100.0265

- 2816 -

BÜCHNER

Dar-es-Salaam na Bulgarye gestuur is vir verdere op-leiding. Hy (30) het my verder meegedeel dat na 'n periode van ongeveer twee jaar die ANC en Bulgarye hom begin verdink het dat hy 'n

Suid-Afrikaanse agent is en hom wou terugstuur na Dar-es-Salaam vir dissiplinêre stappe. As gevolg hiervan het hy besluit om aan te klop by die Suid-Afrikaanse owerhede vir hulp.

5. Onderweg na Dar-es-Salaam het hy op Athene kontak gemaak met die Suid-Afrikaanse owerhede en is hy vandaar na Suid-Afrika gevleig waar ek hom dan uit-eindelik ontmoet het.

6. Dlamini het aan my verduidelik dat hy nooit enige militêre opleiding ondergaan het nie. My eie navrae en (10) ondersoek het hierdie stelling bevestig. In die praktyk het dit beteken dat ek hom nie verder kon aanwend vir ide opsporing en identifisering van terroriste nie, aangesien hy klaarblyklik geen kontak gehad het met enige militêre personeel nie of self in enige ANC-kamp was nie.

7. Dlamini het my meegedeel dat hy graag wou kontak maak met sy moeder êrens in die Natalse platteland en ons het hom laat gaan. Ons het normaalweg vir persone soos hierdie 'n bedrag geld gegee wanneer hulle laat gaan is, maar (20) ek kan nie spesifiek onthou of ons vir hom geld gegee het of wat die bedrag was nie, maar dit sou normaalweg in die omgewing van R200 gewees het.

8. Op of ongeveer 19 Mei 1981 het Dlamini se bagasie te voorskyn gekom op Jan Smuts Lughawe en ek het gereël

dat/...

K100.0314

- 2817 -

BÜCHNER

dat dit afgehaal word en dit aan hom oorhandig. Op daardie stadium kon hy my nie van enige verdere in-ligting voorsien nie (30) en is hy toe weg. Ek het 'n reëling met hom getref dat hy my sou kontak en van tyd tot tyd met my in

verbinding sou tree indien hy enige inligting vir my  
het of indien hy enige noodsaak daarin vind om my te  
kontak. Ek het egter nie weer van hom gehoor nie.

9. Gedurende 1982 is daar inligting ontvang van 'n beriggewer dat  
Dlamini hom in Swaziland bevind en 'n vlugtelingstoelaag  
ontvang van die Swaziland Raad van Kerke. Ek heg  
hierby aan as aanhangsel 'JB.3' 'n nota wat daardie tyd  
tot dien effekte in Dlamini se lêer geplaas is."

Ek dink dit spreek van self ons kan maar voortgaan. --

Paragraaf 10:

"10. Gedurende September 1987 is daar 'n berig ontvang dat Dlamini  
hom in Luanda bevind en dat hy na Swede gestuur gaan  
word vir opleiding as 'n laerskool onderwyser.  
Ingevolge die berig sou hy onmiddellik Luanda verlaat  
het vir Swede. (10)

Vanweë die uiters sensitiewe aard van die betrokke berig waaruit  
hierdie inligting lbyk heg ek dit nie hierby aan as 'n  
aanhangsel nie. Ek wil egter ter aanvulling van my  
verklaring, die volgende vermeld. Tydens die  
ondervraging van Dlamini het hy my mee-gedeel dat hy  
verlief was op 'n blanke meisie in Swede en dat hy later  
wou pogings aanwend om weer met haar kontak te maak. (20)

Hy het ook aan my meege-deel dat hy hom graag as 'n  
onderwyser wil bekwaam

wat/...

K100.0360

- 2818 -

BÜCHNER

wat ingepas het met sy akademiese tipe van opleiding wat hy in  
Bulgarye ontvang het. Dit het ook inge-pas by sy  
geaardheid soos ek hom leer ken het. Van-weë hierdie  
agtergrondskennis was ek tot nou toe onder die indruk  
dat Dlamini hom in Swede bevind. (30)

11. Ek is geadviseer dat 'n persoon met die naam Peter Dlamini in Londen voor die Kommissie verskyn het, maar aangesien ek geen foto of behoorlike beskrywing van hom het nie kan ek nie kommentaar lewer of dit dieselfde persoon is wat ek leer ken het in 1981 nie.

12. Ek is bewus van Dirk Coetzee se bewerings dat Peter Dlamini na bewering doodgemaak is. Dit maak egter vir my geen sin nie. Dlamini is 'n saggeaarde persoon, hy het geen militêre opleiding gehad nie en kon geen bedreiging vir die Suid-Afrikaanse owerheid of publiek ingehou het nie. Gedurende die jare wat ek gewerk het met voormalige ANC-lede het dit van tyd tot tyd gebeur dat ek gewerk het met persone wat geen inligting of verdere hulp aan die Suid-Afrikaanse Polisie kon verskaf nie. Sonder uit-sondering is sodanige persone dan toegelaat om hulle eie lewe verder te voer en soos ek hierbo vermeld het is hulle gewoonlik van 'n kontant bedrag voorsien om hulle te help om hulleself in die buite-wêreld te vestig."

MR PRETORIUS: Mr Chairman we are in the position that in this case as well we are awaiting certain documents from abroad regarding the Dlamini person that appeared in Londen, but what I intend to do, with your permission, to ask this witness as many/...

K100.0413

- 2819 -

BÜCHNER

many questions as possible, that may be possible, to avoid putting any new documents to him and handing those directly in to the Commission when they become available.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: Die eerste feit wat uit u beëdigde verklaring blyk is dat hierdie Peter Dlamini waarvan u hierin praat het in Natal familie gehad? -- Dit is

korrek.

Was hy van Natal afkomstig? -- Volgens die rekords ja en volgens sy taaluitspraak was hy van Natal.

En volgens u ondervraging? -- Dit is korrek.

Nou u sê op 19 Mei is sy bagasie aan hom oorhandig, kort daarna.

Het u die bagasie aan hom oorhandig? -- Ek het dit persoonlik gedoen.

En dus was u laaste kontak met hom so om en by 19 Mei 1981? -- Ja, ek glo nie daar is 'n groot tydsverskil nie. Dit kon kort daarna gewees het wat hy weggeraak het.

(10)

Maar dit was u laaste kontak met hom.

En sedertdien het u niks van hom gehoor nie, behalwe wat u reeds sê in u beëdigde verklaring? -- Dit is korrek.

Het u kennis gedra van wat hy onmiddellik na Mei gedoen het? -- Nee, geen kennis nie.

Of waar hy gewoon het? -- Nee.

Of hy werk gaan soek het? -- Ek het geen kennis. Soos ek gesê het, ek het geen kennis na 19 Mei of in daardie tydperk nie.

Miskien het hy by Vlakplaas werk gaan soek? -- Dan sou ek hom baie beslis daar gesien het.

(20)

Het u gereeld daar Vlakplaas besoek? -- Destyds uit die aard van my werk het ek gereeld daar besoek afgelê.

Die getuienis is dat hy het daar gewerk op 'n soort van informele/...

K100.0474

- 2820 -

BÜCHNER

informele basis as 'n kok ensovoorts.

VOORSITTER: Die enigste kok waarvan ek weet was Tshikalange gewees.

(30)

MR PRETORIUS: Any way, I think the evidence was that he did odd jobs, but I will not take that further. U weet dat Dirk Coetzee



getuienis afgelê het dat hy wel daar op Vlakplaas was en hy daar gewerk het? -- Dit is korrek. Toe ek Dirk Coetzee geken het, het hy eintlik in hoofkantoor gewerk en nie op Vlakplaas nie.

Maar nee ....?

VOORSITTER: Nee-nee.

MNR. PRETORIUS: Dirk Coetzee se getuienis is dat Peter Dlamini daar by Vlakplaas gewerk het? -- Ek weet nie daarvan nie.

Nou u het gesê dat, in paragraaf 9, dat gedurende 1982 is daar inligting ontvang van 'n beriggewer dat Dlamini hom in Swaziland bevind het en u maak staat op 'n aanhangsel, wat aanhangsel "JB.3" is, u sien dit?-- Ek het hom hierso, ja. (10)

Nou hoe werk dit? Ek neem aan dat daar is 'n lêer vir Swaziland in hoofkantoor en dat alle inligting met betrekking tot daardie lêer net in 'n toegepaste plek geplaas is of hoe werk dit? -- Ek is nou nie meer 'n lid van die veiligheidstak nie, ek weet nie hoe ver ek toegelaat sal word nou om die werkinge van veiligheidshoofkantoor ... (tussenbei)

VOORSITTER: Ja, maar al wat, nadat ek die lêers gesien het, lyk dit vir my asof daar sê byvoorbeeld vir Peter Dlamini 'n aparte lêer is en as daar inligting oor hom ingewin word, dan word dit, word 'n afskrif van die inligting in daardie lêer geplaas. -- Dit is korrek. (20)

MNR. PRETORIUS: Soos byvoorbeeld iemand in Swaziland het inligting/...

K100.0542

- 2821 -

BÜCHNER

inligting oor 'n persoon met die naam Peter Dlamini en hy stuur daardie inligting in na hoofkantoor en by hoofkantoor is daardie inligting in verskillende plekke geplaas, insluitend in die lêer van Peter Dlamini? -- Dit is korrek. (30)

Kan u seker wees dat dié, sê nou maar daar is drie of vier Peter Dlamini's dat dit dieselfde Peter Dlamini is waarmee u kontak

gehad het? -- Nee, ons is nooit seker tot ons daadwerklike bewyse het dat dit dieselfde persoon is nie.

So dit kon 'n ander Peter Dlamini gewees het? -- Ja, op heirdie stadium as ek die berig so gelees het, is dit 'n af-leiding wat ons gemaak het dat dit hierdie een is, maar dit is nie noodwendig dat dit wel hy was nie.

Nou u sien wat vir my vreemd opval is die feit dat hier is 'n man wat verdink is dat hy 'n Suid-Afrikaanse agent is en hy ontsnap van die ANC hy is op pad Lusaka toe, hy ontsnap en hy gee homself oor aan die Suid-Afrikaanse owerhede, is dit nie (10) onwaarskynlik dat hy uit eie wil sou teruggegaan het na die ANC toe nie? -- Dit is miskien onwaarskynlik, maar ek het verskeie sulke voorvalle gehad of sulke gevalle gehad van persone wat gesê het dat hulle vlug van die ANC, na ons toe gekom het en daarna weer terug is na die ANC.

Kan u enige sulke voorval gee? -- Wel, ek dink twee persone wat baie bekend is aan hierdie Kommissie soos ek in die koerante verneem het, is die Mnisi-broers. Hulle het nou wel nie gevlug van die ANC nie, maar hulle was by ons gewees en het toe weer na die ANC teruggekeer.

(20) Maar is hulle ooit verdink deur die ANC dat hulle agente is, dit is die punt wat ek maak? -- Uit die inligting wat ek daarna ingewin het is hulle baie beslis deur die ANC verdink.

Ons kan dit nagaan. Nou in paragraaf 10 maak u melding van/...

K100.0605

- 2822 -

BÜCHNER

van uiters sensitiewe inligting wat deur u verkry is in verband met, via Dlamini, u maak melding van Dlamini hier. Om my kruisverhoor kort te sny, gee u toe dat dit miskien 'n ander Dlamini (30) kon gewees het as dié wat u ondervra het en u leer ken het? -- Ja. Soos ek gesê het dit is afleidings wat ek gemaak het rondom

die beskrywing van die persoon of die feit dat die persoon na Swede toe gaan, dat hy opleiding as 'n onderwyser sou ondergaan. Dit is 'n afleiding wat ek gemaak het, ek het geen bewyse daarvoor nie.

Ja en hierdie uiters sensitiewe inligting is dit die in-ligting wat voor die Kommissie in Londen geplaas is?

VOORSITTER: Ons is gesê in Londen dit kom van Militêre Intel-ligensie.

MNR. PRETORIUS: Dit was 'n druktelegram? -- Dit was 'n druk-telegram, ja.

Ek dink die druktelegram is klaar voor ons. Ek weet nie of iemand daarvoor wil ... (tussenbei) (10)

VOORSITTER: Ek dink hulle het dit alreeds vir ons gegee. -- Ek sê nou dit is ja, maar as ek dit mag sien dan sal ek sê of dit die .... (tussenbei)

MNR. PRETORIUS: Ek sal vir u die bladsy van die rekord gee, bladsy 592. -- Wel die Mazimbo to Quintin Ramagodi from Henry Makgodi, dit maak sin. Ek glo dit is dieselfde berig.

Nou as ons vir hierdie Kommissie bewys kan gee dat die Peter Dlamini wat daarin vermeld is eintlik 'n ander persoon wat eintlik (20) nog sy vliegtuigkaartjie gehad het op daardie stadium, as ons daardie vliegtuigkaartjie voor die Kommissie kan plaas, sou u aanvaar dat dit eintlik 'n ander Dlamini is? -- Dan sal ek moet aanvaar.

Apparently I was not in Londen at the time Mr Chairman,  
but/...

K100.0702 - 2823 - BÜCHNER  
but apparently the ticket, I am instructed, has been handed in.

CHAIRMAN: Oh yes, I have a ticket.

MNR. PRETORIUS: En sover ons kan vasstel, laastens is dit die Peter Dlamini wat voor die Kommissie in Londen voorgekom het, het (30)

hy in Soweto gewoon en daar groot geword? -- Ja, ek is nie bewus daarvan nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. KEMP: Daar is slegs 'n enkele vraag:

In u ervaring was daar ander geleenthede en gevalle waar persone wat u ondervra het, wat gevange geneem is as sodanige terroriste of insurgente na ondervraging laat gaan is en dat u nooit weer terugvoer van hulle ontvang het nie? -- Ja, daar is legio gevalle.

Ek sê nou maar by benadering, maar ek sou sê tussen 30 en 50 gevalle om 'n baie rowwe skatting te gee.

Sal u my net 'n oomblik vergun. Ek wil graag aan u 'n foto toon wat so pas deur ons ontvang is. Kan u daardie persoon identifiseer? -- Ja, ek kan hom identifiseer? (10)

Wie is dit? -- Dit is Peter Nkosinathi Dlamini. Die persoon wat ek na verwys in my verklaring.

Ek sal verlov vra om dit op te handig as bewysstuk.

VOORSITTER: Wys dit net vir die advokaat. Dit sal B154 wees.

GEEN VERDERE VRAE

NICOLAAS JACOBUS JANSE VAN RENSBURG, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Ons het voor ons u verklaring,

BEWYSSTUK B155 wat ek nou voor die Kommissaris plaas. Hy het 'n taamlike lywige aanhangsel, maar ons het dit reeds met 'n vorige getuie bespreek en ek gaan dit nie weer met u bespreek nie. So ek wil net hê asseblief dat u die (20)

verklaring/...

K100.0836

- 2824 -

VAN RENSBURG

verklaring self wat u gemaak het sal voorlees aan die Kommissaris.

VOORSITTER: Het ek die verklaring genommer as 155. --

"Ek die ondergetekende Nicolaas Jacobus Janse van Rensburg

verklaar hiermee onder eed soos volg:

1. Ek is 'n brigadier in die Suid-Afrikaanse Polisie en verbonde aan die veiligheidstak en gestasioneer te (30)

Veiligheidshoofkantoor, Pretoria, waar ek in bevel is van Groepe C en E.

2. Vanaf Januarie 1974 tot 30 November 1980 was ek verbonde aan die veiligheidstak te Ermelo. Ek het daar begin as 'n kaptein en gedurende 1977 is ek bevorder tot majoor.

Daarna was ek aan die veiligheidstak te Port Elizabeth verbonde vanaf 1 Desember

1980 tot 31 Desember 1987. Gedurende 1981 is ek bevorder tot die rang van luitenant-kolonel en gedurende 1985 tot 'n vol kolonel. Vanaf 1 Januarie 1988 tot 31 Maart 1989 (10) was ek verbonde aan die veiligheidstak te Paarl, waarna ek na die Veiligheidshoofkantoor te Pretoria verplaas is op 1 April 1989, waar ek steeds is. Op 1 Julie 1989 is ek bevorder tot die rang van brigadier.

3. Ek word geadviseer dat oud-kaptein Dirk Coetzee verskeie beweringe ten aansien van my kwytgeraak het en in wat volg sal ek met sodanige beweringe handel.

4. Dit is korrek dat ek en brigadier Van der Hoven aan die einde van 1976 'n onderhoud met Dirk Coetzee gevoer het te Volksrust, waar hy destyds gestasio-neer was, om hom (20) te werf om bevel oor te neem van die Oshoek-grenspos.

Dit is ook korrek dat alle

grensposite/...

K100.0906

- 2825 -

VAN RENSBURG

grensposite onder die veiligheidstak ressorteer. Coetzee was op Oshoek tot aan die einde van 1979.

Geduerne vermelde tydperk het ek verskeie kere kontak met Coetzee gehad. Ek is bewus van Coetzee se beweringe dat gedurende die voormelde tydperk

ek betrokke sou gewees het by verskeie bomontploff-fings en wandade (30) in Swaziland, welke beweringe van alle waarheid ontbloom

is. Ek word egter geadviseer dat sodanige aangeleenthede nie deur hierdie agbare Kommissie ondersoek word nie en derhalwe handel ek nie verder daarmee nie.

5. DIEFSTAL VAN 'N AUDI TE UITENHAGE.

Ek weet hoegenaamd niks van die diefstal van die vermelde voertuig nie. Ek ontken ook die beweringe van Coetzee dat ek by sodanige diefstal betrokke sou gewees het.

6. GEKOPPELDE TELEFONE VAN VAKBONDE.

Die beweringe van Coetzee in hierdie verband is van alle waarheid (10)  
ontbloot.

7. GONISIZWE KONDILE.

Ek was destyds bewus gewees van die aanhouding van Kondile, maar ek was in geen opsig by sodanige aan-houding betrokke nie. Ek was ook nie betrokke by die ondervraging en vrylating van Kondile nie. Dit sal gemerk word dat my naam verskyn op die druk-telegram te bladsy 10 van aanhangsel 'DP.1' tot die beëdigde verklaring van luitenant-kolonel Du Plessis. Die enigste rede waarom my naam daarop verskyn is dat daar destyds 'n instruksie (20)  
was dat alle druktelegamme deur 'n senior offisier gemagtig

moes/...

K100.0971

- 2826 -

VAN RENSBURG

moes word. Ek het die betrokke druktelegamme gemagtig.

Die beweringe van Coetzee dat ek betrokke sou gewees het by die beweerde moord op en verbranding van Kondile te Komatipoort is loutere onsin.

Die verdere bewering van Coetzee dat ek verantwoor-delik sou gewees (30)  
het vir die verbranding van lyke in die Oos-Kaap is eweneens van alle waarheid ontbloot.

My aandag is daarop gevestig dat Coetzee die diefstal vir die Audi koppel aan 'n beweerde besoek aan Kondile in die enkelkwartiere te Jeffreysbaai deur myself en luitenant-kolonel Du Plessis en dat Coetzee ons sou vergesel het. Ek ontken hierdie stelling. Na my beste wete en kennis het ek nooit enige kontak met Kondile gehad nie.

8.DIE DIEFSTAL VAN 'N KOMBI TE JOHANNESBURG.

Ek dra hoegenaamd geen kennis van die diefstal van hierdie voertuig nie. Coetzee se hele verhaal met berekking tot my (10) betrokkenheid is van alle waarheid ontbloom.

Coetzee se bewering dat hy te Lady Grey R7 000 aan my sou oorbetaal het, synde die opbrengs van die verkoping van die Kombi, is eweneens van alle waarheid ontbloom.

Ek is ook onbewus van enige pogings aan die kant van die eienaars van die betrokke voertuig om die ver-sekeraar te bedrieg.

9.Ek word geadviseer dat volgens Coetzee ek alle in-struksies in die Oos-Kaap sou gegee het vir onwet-tige optredes. Hierdie bewering is totaal onwaar.

(20)  
Trouens/...

K100.1026

- 2827 -

VAN RENSBURG

Trouens, ek is nie bewus van enige onwettige optredes in die Oos-Kaap nie."

Is dit deur die polisie? -- Ja.

Goed. --

"10.SIPHIWO MAXWELL MTIMKULU.

Ek kan nie onthou of ek destyds bewus was van die feit dat Mtimkulu in aanhouding was nie. Ek vermoed egter dat (30) ek dit sou geweet het. Ek het absoluut niks te doen gehad met sy aanhouding, ondervraging of vrylating nie.

Na my beste kennis en wete het ek ook nooit enige kontak met Mtimkulu gehad nie.

Die geskiedenis van die Mtimkulu-geval word uiteen-gesit in die verklaring van generaal Coetzee, die betrokke gedeelte van welke verklaring ek hierby aanheg as aanhangsel 'VR.1'. Ek dra geen ander kennis van sodanige voorval nie."

Kan ons net 'n oomblikkie daar stilstaan? Die verklaring van generaal Coetzee is nie voor die Kommissie nie, maar dit lyk vir my dat aanhangsel "VR.1" eintlik 'n memorandum is wat nie deur generaal Coetzee opgestel is nie, maar wel deur luitenant-kolonel Erasmus. -- Korrek. (10)

Is dit reg? -- Ja, dit is korrek.

So dit is die dokument wat u daar aanheg? -- Dit is korrek.

Gaan voort. --

"Die bewerings van Coetzee dat ek betrokke sou gewees het by die beweerde vergiftiging, die ont-voering, die doodslag en die verbranding van Mtim-kulu is van alle waarheid ontbloot.

11.Ek word ook geadviseer dat Coetzee beweer dat ek aan hom/... (20)

K100.1091 - 2828 - VAN RENSBURG  
hom verskeie stories sou vertel het ten aansien van Kondile en Mtimkulu. Hierdie beweringe is van alle waarheid ontbloot."

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. KUNY: Daar is bewerings gemaak deur Dirk Coetzee van u betrokkenheid in sekere voorvalle, u weet van daardie bewerings, u het hulle gelees en van hulle gehoor en u ontken hulle bloot? -- Korrek.

Dit is hoe u met daardie bewerings handel. Ek gaan nie daardie bewerings weer aan u stel nie. Ek wil net u sekere ander (30)



vrae vra. U sê in hierdie verklaring dat u niks te doen gehad het met Siphiwo Maxwell Mtimkulu nie. Is dit wat u kan onthou?

-- Heeltemal korrek.

U het hom nie ondervra nie, u het niks te doen gehad met sy arrestasie of vrylating of enigiets met hom te doen gehad nie?

-- Sover ek kan onthou, glad nie.

Ja, maar u het dit goedgekeur om al hierdie dokument as aanhangsels aan u verklaring aan te heg. Hoekom vorm hulle deel van u verklaring? -- Wel, as gevolg van die bewerings wat teen my gemaak word. Dit is maar net om, dit is maar net aangeheg om te verduidelik wat die polisie se verduideliking omtrent die geval is. Ek kan self nie daarvoor getuig nie, dit is maar net vir maklike verduideliking. (10)

Maar daar is niks in hierdie dokumente wat binne u ...

(tussenbei)

VOORSITTER: Kennis is nie.

MNR. KUNY: Kennis is nie? -- Nee, nee.

Dit is alles hoorsê sover u betref? -- Ja. Daar mag, ek kan nou nie sê dat totaal ek niks geweet het wat in die dokumente staan nie. Daar mag goed wees wat in die koerant gewees het, daar mag goed wees wat ek by kollegas gehoor het. (20)

Ja/...

K100.1171

- 2829 -

VANA RENSBURG

Ja, maar dit sou wees wat u gehoor het, nie van wat u persoonlik geweet het? -- Goed, heeltemal korrek.

Is u dieselfde persoon wat die Kommissaris van Ede was in 'n hele aantal beëdigde verklarings wat voor die Kommissie geplaas is? Ek sal verwys na die verklaring van Joe Mamasela op 18 April van hierdie jaar, Brian Ngqulunga. U is die Nicolaas Jacobus Janse van Rensburg? -- Heeltemal korrek. (30)

Hoekom het u, hoekom het hulle hierdie verklarings voor u

gesweer, enige rede? -- Nee, daar is sover ek weet, geen besondere rede nie. As ek korrek onthou het die prokureur wat die verklarings opgestel het, gevra dat ek moet laat hulle die verklarings teken en dit was kort voordat die Kommissie na Londen verskuif het en ek het dit gedoen en ek het dit beëdig. As dit 'n fout is dan was ek nie bewus daarvan dat dit nie korrek is nie.

Was u ooit by Komatipoort gewees? -- Ja.

Ken u kaptein Flemington? -- Ek ken hom, ja.

Toe hy daar was? -- Ek ken hom.

In watter hoedanigheid, hoe het u hom leer ken? -- Ek kan (10)  
nie sê of ek hom vir die eerste keer ontmoet het op Komatipoort, wel eintlik Lebombo is waar sy kantoor is by die grenspos en of ek hom vir die eerste keer op Middelburg ontmoet het nie, maar hoe dit ookal sy ek weet, ek kan onthou dat ek wel eenmaal daar was saam met oud-brigadier Van der Hoven.

Ja, so u ken ook brigadier Van der Hoven? -- Ek ken hom, ja.

Van waar af? -- Ek het hom ook ontmoet toe ek op Ermelo was, het hy vanaf hoofkantoor gekom verplaas na Middelburg toe. Ek kan my nie indink dat ek hom voor dit geken het nie.

Ek/...  
(20)

K100.1259

- 2830 -

VAN RENSBURG

Ek mag miskien met hom, brigadier net oor die telefoon gepraat het toe hy hier in Pretoria was, maar ek kan nie, ek het hom werklik eers ontmoet toe hy op Middelburg gekom het.

Brigadier Jan du Preez? -- Ja, ek ken brigadier Jan du Preez.

Waarvandaan? Het u ooit met hom gewerk? -- Nee, ons het nooit saamgewerk nie. Ek kan hom ken van toe ek nog in Durban gestasioneer was, dit was voor ek in Ermelo was. Ek ken hom lank, ek weet nie van wanneer af presies nie.

En Koos Vermeulen? -- Koos Vermeulen kan ek nie sê ek het (30)  
hom geken voor redelik onlangs, 'n paar maande gelede nie. Indien

wel, dit is moontlik. Ek kan dit nie onthou dat ek hom vantevore geken het nie.

In 1981? -- Ek kan dit nie, ek kan hom werklik nie onthou nie. Ek kan nie sy gesig onthou nie, ek kan nie die naam onthou nie. Dit is moontlik dat ek hom wel 'n slag kon ontmoet het.

Paul van Dyk? -- Ja, Paul van Dyk ken ek sedert, ek is nie presies seker nie of dit, dit was in die sewentigerjare. Dit kan 1972 wees, dit kan 1975, 1976, 1977 daar rond, ek is nie seker van wanneer nie.

Het u ooit met hom gewerk? -- Ja, ek het met hom gewerk.

Waar? -- Hy was op Oshoek. Trouens ek het hom gewerf. Hy was op Nersten grenspos gewees en ek het hom gewerf as 'n veiligheidsman vir my tak op Ermelo op Oshoek. (10)

So u ken hom goed, baie goed? -- Ja, ek ken hom redelik goed.

Ek het nie elke dag met hom kontak gehad nie, maar ek ken hom. Ek sal sê ek ken hom redelik goed.

En dieselfde met Dirk Coetzee, u ken hom redelik goed? -- Ja, ek het hom redelik goed geken.

U/...

K100.1339

- 2831 -

(20)  
VAN RENSBURG

U het hom redelik goed geken, tot wanneer? -- Ek sal sê ek het hom goed geken tot aan die einde van 1979. Daarna het ons paaie uitmekaar uit gegaan.

Maar op geleenthede het julle paaie gekruis?-- Ja.

In watter verband? In verband met werk? -- Ja, meesal in verband met werk wat ek nou kan onthou.

Kan u onthou dat hy in 1981 vir 'n paar maande in die Oos-Kaap was? -- Ja, hy was in die Oos-Kaap, vir hoe lank weet ek nie.

Ja en u het die name Almond Nofemela en Joe Mamasela ook gehoor in verband met hierdie Kommissie, ek neem aan? -- Ja. (30)

Het u hulle ooit ontmoet? -- Ek is nie bewus daarvan nie.

Ek glo nie ek het Mamasela ooit geken nie tot nou onlangs nie.  
Nofemela ek weet nie. Ek kan eerlik nie sê of ek hom ...  
(tussenbei)

U kan nie onthou nie? -- Ek kan nie onthou nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS: U dra kennis van die aantygings wat Dirk Coetzee gemaak het in verband met motor-voertuie en sulke soort voorvalle in die Oos-Kaap? -- Ja, ek dra kennis van twee voorvalle.

U het seker Dirk Coetzee goed leer ken? -- Ja, soos ek sê tussen omtrent 1977 en 1979 het ek hom goed leer ken.

En was u taamlik goeie vriende met hom? -- Ja, ek weet nie wat u by vriende bedoel nie. (10)

Het u saam gepraat oor u werk en sulke soort dinge? -- Ja.

Saam gekuier? -- Ja, ons het nou nie, as u bedoel by kuier, ons het by geleentheid of wat gaan eet in Swaziland, 'n paar drankies gevat.

En toe u uself in Port Elizabeth bevind het, het u  
vriendskap/...

K100.1437 - 2832 - VAN RENSBURG  
(20)  
vriendskap nog geduur? -- Wel, ons was nie kwaai-vriende nie, maar ons het nie met mekaar dikwels in aanraking gekom nie.

Nou in 1981 is die getuienis dat hy met die Vlakplaas eenheid afgekom het na die Oos-Kaap toe? -- Sal u net herhaal asseblief?

Die getuienis is dat Dirk Coetzee saam met sy Vlakplaas eenheid afgekom het vanaf Pretoria na die Oos-Kaap toe om daar werk te verrig. -- Ek verstaan so dat hy so getuig het.

Het u kontak met hom gehad gedurende daardie tydperk? -- Wel ek sal sê wat ek kan in herinnering roep het hy twee keer Port Elizabeth toe gekom wat ek van kan onthou. Die eerste keer dink ek was 'n bietjie in die eerste helfte van 1981. Die tweede geleentheid was in die tweede helfte, as ek moet raai sal ek sê (30)

Augustus, September, Oktober miskien, daardie tyd van die jaar.

Dit is twee geleenthede wat ek min of meer kan onthou wat hy Port Elizabeth toe gekom het. Ek was bewus en ek het verneem dat hy òf die groep van Vlakplaas vir lang tye op die grens in die Oos-Kaap wat buite ons gebied was.

VOORSITTER: As hulle nou op Lady Grey gestasioneer was, was dit binne u gebied gewees? -- Nee. Dit was afdeling Grens. Ons is afdeling Oostelike Provinsie gewees.

MNR. PRETORIUS: Nogtans u sê dat gedurende 1981 het u kontak gehad in die Oos-Kaap met Dirk Coetzee? -- Dit is korrek.

(10)

En het, sou u gedurende daardie periode u werk met hom bespreek? -- Ek kan nie spesifiek onthou of ek enige werk met hom bespreek het nie. Wat ek wel kan onthou is dat tydens die eerste geleentheid moet ek eerlik wees, ek weet nie hoekom hy daar was nie, hy was in beide geleenthede sover ek kan onthou, was hy twee, miskien drie dae rondom Port Elizabeth gewees en hy is weer weg.

Die tweede geleentheid ... (tussenbei)

Laat/...

K100.1534

- 2833 -

VAN RENSBURG

(20)

Laat ons net met die eerste geleentheid handel as u wil, volgens wat u geweet het, daardie eerste besoek na Port Elizabeth toe het dit enigstste doen gehad met sy werk synde die opsporing van insurgente en die tweede geleentheid, jammer? -- Die tweede geleentheid was nadat ons hom besoek het by Lady Grey en die besoek het gehandel, die bevelvoerder daardie tyd, wat nou generaal Erasmus is, het aan my gesê dat daar is so 'n eenheid nou wat in groepe opdeel op Vlakplaas en dat hulle is nou daar op die grens en dat hy wil graag gaan kyk waartoe is hulle in staat, wat is hulle vermoë, wat beskik hulle oor, wat kan hulle doen en hy het my gevra om saam te ry. Ons het saamgery. Ons het daar oornag, verskeie vrae was aan hom gevra deur generaal Erasmus onder andere,

(30)

oor hulle vermoë en dies meer, oor watter mannekrag hulle beskik en daar was toe inderwaarheid bepaal dat uit 'n gebrek in die Oos-Kaap die gerehabiliteerde terroriste wat hy gehad het, ek kan nie onthou of daar nie was wat nie kon Khoza praat nie en of daar wat te min was wat kon Khoza praat, met ander woorde hulle kon nie inpas by die kultuur rondom Port Elizabeth nie en dat dit so gestel was, maar hy het toe gesê hy sal, terwyl hy daar is, per geleentheid Port Elizabeth toe kom om te kyk, om homself te vergewis van die situasie en dit is soos ek kan onthou, sy tweede besoek en daardie besoek het getoon dat die swartes wat hy gehad het by hom het uitgestaan soos 'n seer duim as gevolg van taal en (10) kultuurgebrek en daar was basies besluit dat as hulle nie genoeg Khozas van daardie deel gehad het gerehabiliteerdes nie, dit nie prakties kon werk nie.

Afgesien van daardie twee geleenthede sou u op ander geleenthede gedurende 1981 met hom kontak gehad het in die Oos-Kaap? -- Nie wat ek van kan onthou nie.

Het/...

K100.1637

- 2834 -

VAN RENSBURG

(20)

Het u byvoorbeeld vir hom inligting gegee in verband met persone in die Oos-Kaap? -- Nie ek nie, nie wat ek van kan onthou nie.

Soos ek u getuienis verstaan sou u nie u werk in die Oos-Kaap met hom bespreek het nie? -- Nee, ek sou nie sê ek sou dit nie met hom bespreek het nie. Ek kan nie dit onthou nie.

Wat was u werk in 1981? -- In 1981 was ek in bevel van die seksie wat arbeidsaangeleenthede hanteer het asook die Kleurlingaangeleenthede en die Indiëraangeleenthede.

Nou wat arbeidsaangeleenthede betref, ons weet dat die Oos-Kaap seker ook in daardie tyd 'n redelike kwaai plek was. (30)

Daar was militante vakunies daar? -- Ja, daar was. Daar was

baie stakings.

En veral in die motorbedryf? -- Ja, korrek.

Was daar baie sterk vakunies? -- Korrek.

Gereeld industriële aksie stakings ensovoorts en was dit u taak om hierdie vakunies hulle leiers dop te hou? -- Wel, ek sal nie sê my persoonlike taak nie. Ek het lede gehad wat die take verrig het meesal. Ek het in 'n beherende posisie gewees of in 'n adviserende posisie meesal.

Maar eintlik sulke werk was onder u beheer uitgevoer, soos ek u getuienis verstaan, u was in beheer van die vakunies? -- Ja  
(10)  
sover ek kon beheer uitoefen.

Nou hierdie aangeleenthede waaroor Dirk Coetzee getuienis afgelewer het, u dra kennis -

1. Dit is die diefstal van 'n Audi wat aan 'n vakunielid behoort het.

U dra kennis daarvan? -- Ek dra kennis van die bewering.

Nou wat is u getuienis eintlik, sê u dit kon gebeur het, Dirk Coetzee kon dit gedoen het, maar ek dra geen kennis daarvan/...

(20)

K100.1738 - 2835 - VAN RENSBURG

daarvan en ek was nie daarby betrokke nie of sê u Dirk Coetzee het dit nie gedoen nie en dit het nie gebeur nie, wat sê u? -- U eerste stelling dat ek weet nie of hy dit gedoen het of nie gedoen het nie, want ek was nie betrokke daarby nie.

Nou ontstaan die volgende vrae dan, laat ek dit net regkry.

U sê dit is, volgens u kan u geen kommentaar lewer oor die feit of oor die getuienis wat Coetzee afgelê het in verband met die gebeurtenis, in verband met sy, Coetzee, se betrokkenheid daarby? -- Nee, ek kan nie, ek was nie daar nie.

(30)

Maar al wat u kan sê is u was nie betrokke daarby nie? -- Ek was nie betrokke daarby nie.

Kan u enige kommentaar lewer of lede wat onder u gewerk het daarby betrokke was nie? -- Ek kan geen kommentaar lewer nie.

So gee u toe dat van u lede in die veiligheidstak te Port Elizabeth daarby betrokke kon gewees het en u het nie daarvan kennis gedra nie? -- Ek dra geen kennis daarvan dat enige van my lede daarby betrokke was nie.

Maar gee u toe dat dit kon gebeur het? -- Heel onwaar-skyklik.

Net as 'n moontlikheid? -- Dit is 'n moontlikheid.

Nou wat dan vreemd is vir ons is waar sou Dirk Coetzee inligting gekry het van vakunieledede in die Oos-Kaap? -- Ek sal  
(10)  
nie weet nie.

Is dit nie waarskynlik dat hy sou dit gekry het van mense wat daarmee gewerk het, synde u tak? -- Ek weet nie waar hy sy inligting gekry het nie.

Maar my vraag is, is dit nie waarskynlik dat die inligting sou van u mense of van u self afgekom het? -- Nee, ek stem nie met u saam nie. Ek weet glad nie waar hy sy

inligting/...

K100.1820

- 2836 -

VAN RENSBURG  
(20)

inligting gekry het nie.

Maar waar elders kon hy dit gekry het, kan u ons daarmee help? -- Nee, ek wil nie daarvoor bespiegel nie.

U sien, in verband met die Audi-voorval wat naby Port Elizabeth plaasgevind het, het hy die adres van 'n vakunielid gekry volgens sy getuienis, ook die sleutel van die voertuig gekry, nou kan u ons daarby help? -- Ek kan nie help nie, ek weet nie waar hy sy inligting vandaan gekry het nie.

En in verband met die Kombi wat gesteel is, ek neem aan u getuienis is dieselfde hieromtrent, dit kon gebeur het, Coetzee  
(30)  
kon daarby betrokke gewees het, maar u weet niks daarvan nie.  
Nou dan is dit vir ons vreemd waar kon Dirk Coetzee, wat in Pretoria



gebly het, inligting gekry het dat hierdie Kombi was op pad van Port Elizabeth Harare toe, waar sou hy daardie inligting gekry het as dit nie van u mense af gekom het nie? -- Ek weet nie waar hy sy inligting vandaan kry nie.

VOORSITTER: Kom ek stel dit andersom: Dra u kennis van die vak - het u kennis gedra destyds van die vakbond wie se Kombi ter sprake is? -- Wel, ek het van die vakbond kennis gedra, ja.

Het u kennis gedra van die feit dat daar 'n konferensie in Harare is? -- Dit is moontlik, ek kan dit nie onthou nie.

Dit is heel moontlik.

(10)

Het u geweet dat hulle 'n voertuig, 'n nuwe Kombi het? -- Ek kan dit nie onthou nie.

MNR. PRETORIUS: Net om dit duidelik te maak, die vakunie wat by altwee hierdie insidente betrokke was, was eintlik NAAWU. Die National Automobile and Allied Workers Union, een van die leidende vakunies daar in die Oos-Kaap wat in die motorbedryf

en/...

K100.1930

- 2837 -

VAN RENSBURG

en elders georganiseer was? -- Korrek.

(20)

Ek sou seker wees dat u, as u u werk behoorlik gedoen het en ek neem aan u het, u sou kennis gedra het van hulle be-drywighede? -- Wel ek sou nie sê van al hulle bedrywighede nie, dit is onmoontlik.

Dra u kennis van die persoon Freddy Sauls? -- Ja, ek dra kennis van hom.

Nou hy het eintlik daardie Kombi Johannesburg toe bestuur. -- Ek kan dit nie betwis nie.

Nou hoe sou Dirk Coetzee kennis gedra het dat hierdie Kombi by 'n padblokkade gestop was en deurgesoek was om en by drie en vier ure? -- Ek weet nie.

(30)

In elk geval u weet hy sê dat u in aanraking met hom getree

het en hom gevra het om hulle reis na Harare te stop en op daardie aanvraag van u was die Kombi gesteel, u dra kennis? -- Dit is wat hy beweer, ja.

Nou hoe sou hy daardie kennis gekry het dat hier was 'n Kombi op pad Harare toe en dit was in 'n padblokkade gestop en die polisie kon nie verhoed dat die Kombi aangaan ensovoorts, al daardie inligting? -- Ek het reeds geantwoord, ek weet nie hoe hy aan sy inligting gekom het nie. As ek, ek mag verkeerd wees, as ek Coetzee se getuienis reg onthou het hy gesê die Kombi was, ek dink, by Queenstown voorgekeer.

(10)

Cradock. -- Is u seker.

Wel die padblokkade was op pad Johannesburg toe. Dit kon Queenstown, Cradock of so iewers gewees het, maar dit was nie Port Elizabeth nie. -- Ja, Queenstown was in elk geval ook nie in ons beheer gewees nie.

VOORSITTER: Cradock? -- Cradock wel.

MNR. PRETORIUS: Johannesburg was ook nie en dit is waar die Kombi/...

K100.2017

- 2838 -

VAN RENSBURG

(20)

Kombi gesteel was. -- Ja, ek kan dit nie betwis nie.

Ja-nee, ek verstaan dit, maar die vreemdste ding van alles is dat Coetzee gesê het dat daar was 'n oproep van die veiligheidspolisie af na die maatskappy wat die Kombi ver-assureer het na die diefstal om te verhoed of om te probeer verhoed dat die maatskappy die unie uitbetaal vir die diefstal, u dra kennis van daardie bewering? -- Ek dra kennis.

En ons het 'n verklaring gekry van die assuransiemat-skappy wat sê en ek sal dit vir u lees, dit is B117:

"I do however recall that approximately a week after the theft  
had been reported to us an anonymous caller tele-  
implying that the theft have been contrived and that he was

(30)

in possession of certain information which he would be prepared to divulge to us for which he would then expect some form of reward or (inaudible)."

Coetzee het kennis gedra van 'n oproep, al is sy getuienis 'n bietjie anders as wat dié getuienis is in verband met, waaroor die telefoonoproep gegaan het, maar hoe sou hy geweet het dat iemand die assuransiemaatskappy sou gebel het in verband met hierdie voorval? -- Ek weet nie.

Ekskuus? -- Ek weet nie hoe hy daarvan weet nie.

VOORSITTER: Tensy hy self gebel het.

MNR. PRETORIUS: As hy self gebel het moes hy dan besonder-hede gehad het van die assuransiemaatskappy wat die kar ver-assureer het, die Kombi verassureer het. In elk geval, dit klink vir ons redelik om te vermoed dat al hierdie inligting wat Dirk Coetzee moes gehad het om hierdie dinge te doen moes van iemand gekom het wat met hierdie tipe inligting gewerk het en die persone wat met hierdie inligting besig was, was die Port Elizabeth veiligheidstak. Wat sê u daarvan? -- Ja wel,

die/...

K100.2126

- 2839 -

(20)  
VAN RENSBURG

die Port Elizabeth veiligheidstak het met inligting gewerk. Ek kan nie onthou presies wat die inligting was vandag nie, ek kan nie kommentaar lewer daarop nie.

En daar was 'n ander voorval ook, maar dit het te Barkley-East op Rhodes plaasgevind. U dra geen kennis daarvan nie? -- Ek dra geen kennis daarvan nie.

Dra u kennis van die aantygings? -- Ja, ek dink ek het iets daaromtrent gelees.

Ja, in elk geval soos ek die getuienis verstaan, sê Dirk Coetzee niks van u betrokkenheid daarby nie, maar net veiligheidshalwe beëdigde verklarings ophandig. Mr Chairman it

(30)

is an affidavit from Peter Slingsby with a photograph of the truck setting out the circumstances in which this occurred.

CHAIRMAN: B156.

MR PRETORIUS: If you just bear with me a minute. Nou nog 'n vraag, u ken die Oos-Kaap, u ken die swart woongebiede, hierdie voorvalle het binne beboude gebiede plaasgevind, daar is sekere mense in die gebied, in die omgewing, sou dit nie 'n groot risiko gewees het aan die kant van Dirk Coetzee as hy dit alleen sou gedoen het, hy sou vermoedelik iemand by hom gehad het om hom te help met hierdie tipe voorval? -- Eerstens sal mnr. Pretorius my net sê na watter voorvalle verwys hy nou in besonder na? (10)

Eerstens die voorval by Uitenhage of Port Elizabeth, naby Port Elizabeth waar die vakunielid se blou Audi gesteel is. As 'n mens daar in 'n beboude gebied diefstal van 'n motor sou wou pleeg, sou hy dit nie alleen gedoen het nie, hy sou iemand saam met hom gehad het? -- Ja, ek neem so aan.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE

VOORSITTER:/...

K100.2285

- 2840 -

(20)  
VAN RENSBURG

VOORSITTER: Kan ek net daardie BEWYSSTUK B156 tussen my stukke kry asseblief. Dankie, ons sal dan verdaag tot Maandag om 10h00.

DIE KOMMISSIE VERDAAG TOT 18 JUNIE 1990 OM 10H00.

---oOo---

(30)

**Collection Number: AK2300**

**HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990**

**PUBLISHER:**

*Publisher:- Harms Commission of Inquiry*

*Location:-*

©1990

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.